


# KAMPUS *NEWS*



## YUSEF WAGHID

### *A champion of education*

Diversity Week  
a great success

Special insert:  
Vice-Chancellor's Awards

Skep bewustheid  
oor gestremdhede

US-personeel  
hou sportdag

My Kampus: Jolene Fransman doen "speurwerk" .....3  
 SU film compete for an international award .....4  
 Hokkie oorheers Maties-erekleure.....5  
 Elmarie Costandius is a top SA lecturer .....6  
 Personelede kry Langdienstoekenings .....7  
 A new chapter for disaster risk management .....8  
 Special insert: Vice-Chancellor's Awards .....8  
 Maaltyd in die donker .....9  
 Why SU celebrates its diversity ..... 10  
 Tygerberg Campus hosts gala evening ..... 12  
 Kampuslewe: Eet, kyk en luister ..... 13.  
 Tackle seasonal allergies ..... 14  
 In conversation with Prof Yusef Waghid ..... 15  
 Brokkies in Beeld ..... 16



VAN DIE Redakteur

As the year draws to a close, we become aware of the many things we have done this year – and of the many things we would still like to get done before the December holidays start. The past month saw some huge milestones and events for Stellenbosch University.

In this month's issue of *Kampusnuus* we give you a glimpse of how SU has made an impact. This issue has a special supplement in which we report on the Vice-Chancellor's Awards for the University's biggest supporters. We show you photos of the two awards evenings and tell you why donors are such a big asset to SU.

The beginning of October saw SU staff and students celebrating their diversity with a week packed with fun events and serious debate. See page 10 to read more about why SU celebrated its diversity and the future plans for this great initiative.

Met Losliddag en "Dinner in the Dark" is US-personeel en -studente weer bewus gemaak van sommige van die uitdagings wat persone met gestremdhede op ons kampus het. Pia Nanny het albei geleenthede beleef en skryf oor haar ervaring op bladsy 9.

Op ons voorblad is prof Yusef Waghid, wat op bladsy 15 vertel van sy bedrywige loopbaan as skrywer-akademikus.

Dan spandeer *Kampusnuus* 'n dag saam met Jolene Fransman, 'n navorser by die US se Ontwikkelingskantoor, om meer oor haar werk uit te vind. Lees op bladsy 3 watter belangrike taak sy en haar kollegas vir die Universiteit verrig.

Ons vertel jou ook meer oor die Tygerberg-kampus se galakonsert, asook van 'n konsert deur twee gewilde en talentvolle Franse musici wat in die Endlersaal kom speel. As die hooikoors jou onderkry, lees op bladsy 14 hoe om die lente meer verdraagsamer te maak.

Vandeemaand het *Kampusnuus* veel om te lees, so geniet hierdie uitgawe.

Wayne



Redakteur: Wayne Muller  
 Voorbladfoto: Stefan Els  
 Bladontwerp: SUN MeDIA  
 Drukwerk: SUN MeDIA  
 Advertisies: Conita Henry  
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za  
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,  
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,  
 faks: 021 808 3800,  
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za  
 of wmuller@sun.ac.za



KAMPUS klets

Baie geluk aan almal wat bygedra het tot die sukses van die USB. (Sien bladsy 4.) Ons is seker die volgende 50 jaar sal nog beter wees as Afrika sy regmatige plek in die globale ekonomie vol staan. Ons weet dat die groei in die BBP in Afrika sal ander lande oortref omdat dit gebeur en gelei word deur onder meer topgehalte USB-alumni.

Die groei sal volhoubaar wees en uitreik van minderbevoorregte gemeenskappe omdat dit deel is van die USB se waardes wat elke USB MBA in glo. Knap gedaan USB. – *Frans Badenhorst*

Die gemeenskapsinteraksie-simposium wat die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie in September aangebied het, was 'n baie waardevolle en insiggewende byeenkoms. USB Bestuursontwikkeling is self ook betrokke by die leierskapontwikkeling van skoolhoofde via 'n vennootskap met SEED Educational Trust. Hierdie werk word in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo gedoen. Ek het die simposium verlaat met 'n sterk oortuiging dat hulpverlening aan skole, en aan skoolhoofde in besonder, in samewerking met die inisiatiewe van die universiteit behoort te geskied. – *Arnold Smit*

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to [kampusnuus@sun.ac.za](mailto:kampusnuus@sun.ac.za), fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at [www.facebook.com/stellenboschuniversity](http://www.facebook.com/stellenboschuniversity), or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Belated congratulations on #MatiesDiversity week. What an absolute success! Leaving MATIES inspired, motivated and proud. – @Claire\_dilan

Thank you Prof @RusselBotman for #MatiesDiversity. Hope this will be an annual event. – @StelSRc

Diversity Week – one of my favourite experiences on campus so far! – @suneest17

I wish every week could be Diversity Week! Greatest ending to a great week :) – @ShamaHayes

Rooiplein tent gone (after Diversity Week). It brought US together. Now up to Maties to keep this meeting and critical engagement spaces alive. – @municatoit

@MatiesDiversity has been about celebrating diversity, but more so unity in diversity. Our differences are what make us the same. Great week – @MeganD001

Kreatiewe 'speurwerk'

Jolene Fransman is 'n navorser by die US se Ontwikkelingskantoor – sy snuffel inligting uit oor potensiële skenkers, internasionale kwessies wat die Universiteit kan raak of blink geleenthede wat wag om ontgin te word. SONIKA LAMPRECHT het meer gaan uitvind.

As ek vir mense sê ek is 'n "donor researcher" ... is die tipiese reaksie wat ek kry: "So kry julle baie mense wat organe skenk?" Dit is nogal snaaks. Dan moet ek eers mooi verduidelik dat dit nie organe is waarvoor ons navorsing doen nie, maar skenkemarkte, meer spesifiek mense wat skenkings aan die Universiteit wil maak. My taak as skenkemarknavorsers is om inligting oor organisasies en individue in te win en dan 'n profiel vir ons fondsinsamelaars en ander kollegas saam te stel. Hulle gebruik dit dan in hul voorbereiding vir vergaderings met die potensiële of huidige skenkers. 'n Groot komponent van my werk is om verwickelinge in die sakewêreld, die politiek en nuus te volg sodat ons betyds kan reageer as daar 'n geleentheid of bedreiging vir die US is.



Vrye tyd... is deesdae nie in my woordeskat nie. Ek het twee dae ná Paasfees vanjaar geboorte aan my eersteling geskenk, en tussen haar, werk, huis, gim en my man (nie noodwendig in daardie volgorde nie) bly daar nie meer ure in die dag oor nie. As ek iewers 'n tydjie het, hou ek daarvan om biografieë te lees en as ek te veel energie het, klim ek Tafelberg uit en kom met die kabelkar af. Of ek pas 'n bokssessie iewers in as die frustrasievlakke baie hoog is.

Eendag sal ek graag ... my kreatiwiteit wil vlerke gee. En as ek dit kan doen terwyl ek 'n verskil in mense se lewens maak, sal ek tevrede wees. Dan sal ek ook graag wil valskerm spring, met 'n geweer wil skiet, leer swem en 'n halfmarathon voltooi.

Die lekkerste deel van my werk is ... wanneer ek 'n taak kry wat baie speurwerk en slim dinkwerk vereis en as ek iemand of 'n organisasie op die internet uitsnuffel waarvoor ons al dae lank sukkel om inligting in te win. Dit is dan wanneer jy kreatief moet te werk gaan en sorg dat die ontwikkelingsbeamptes die regte inligting het wanneer hulle die hoof van 'n firma nader. As ek byvoorbeeld sien 'n HUB van 'n maatskappy volg vir Tiger Woods en Ermie Els op Twitter en "like" Arabella op Facebook, dan sal dit sin maak as ons fondsinsamelaar hom nou vir 'n vinnige nege putjies in plaas van 'n fommele ete by die Lord Charles.

Ek was op die TV-program *Saktyd* ... want dit was op my doen-lyisie in die lewe: om op TV te wees. Een keer per jaar doen ek iets wat totaal buite my gemaksones is, en *Saktyd* was my "comfortzone shake-up" vir 2012. *Saktyd* het my geleer dat ek veel meer kapasiteit het en tot baie meer in staat is as ek tot my uiterste gedruk word. Om vir so 'n lang tyd permanent in vyfde rat te moet funksioneer maak jou bewus van hoe goed of sleg jy onder druk funksioneer.



Foto's: JUSTIN ALBERTS

## USB weer onder top 3 bestuurskole in Afrika

Die US Bestuurskool (USB) is weer aangewys as een van die top drie bestuurskole in Afrika in die 2013 jaarlikse Eduniversal internasionale ranglys vir bestuurskole. Vir hierdie prestasie het die USB 'n Five Palms-toekenning by 'n galageleentheid in Bangalore, Indië, ontvang. Dit is die sesde agtereenvolgende jaar dat die USB 'n plek in die top drie op die Eduniversal-ranglys vir Afrika inneem. Wêreldwyd is USB in die 64ste

plek vir 2013. Marietjie Wepener, USB se bemarkingsdirekteur, sê: "Die Eduniversal-ranglys is 'n erkenning van 'n bestuurskool se reputasie." Die toekennings word gegrond op navorsing deur die internasionale wetenskapskomitee van Eduniversal. Hierdie komitee stel 'n lys van maatstawwe op en gebruik dit saam met die assesserings deur dekane van bestuurskole wêreldwyd.

Wepener sê die USB is nou goed gevestig as een van die beste bestuurskole op die kontinent, aangesien Eduniversal die skool die afgelope ses jaar agtereenvolgens onder die drie bestes in Afrika plaas. Die USB is ook onlangs in 'n opname deur PMR.africa aangewys as die beste bestuurskool in Suid-Afrika en in 'n jaarlikse opname deur die *Financial Mail* se "Ranking the MBA's" was die skool onder die top drie in die land.

## SU film compete for an international award

A film inspired by a Stellenbosch University-driven project to capture the forgotten history of the Eoan Opera Group has been selected as the only documentary from Africa to compete for an international award at the International Documentary Film Festival (IDFA) in Amsterdam this month. IDFA is a leading documentary film festival dedicated to the exhibition and promotion of groundbreaking creative documentaries.



Some of the book committee members at the first private screening of Aryan Kaganof's documentary, *An Inconsolable Memory*, are Phillip Swales, Prof Stephanus Muller, Prof Christine Lucia, Santie de Jongh, Ronnie Samaai, Dr Hilde Roos, Ruth Fourie and Aryan Kaganof. Photo: HENNIE RUDMANN

*An Inconsolable Memory*, produced by filmmaker Aryan Kaganof, will compete for the VPRO IDFA Award for Best Feature-Length Documentary. It will also be the first time that the documentary is screened internationally. Kaganof has also been chosen, along with two others from Africa, to participate in the World Documentary Exchange (WDE), which is a marketing programme that supports filmmakers in search of distribution channels for their work. The Eoan group was established in 1933 as a cultural organisation for so-

called coloured people from District Six. The organisation presented opera, drama and ballet productions and became famous between the 1950s and 1970s for the operas it staged. A book about their history, *Eoan – Our Story*, was launched in January by SU's Documentation Centre for Music (DOMUS). According to Kaganof, he let the filmed material lead him in the final

creation process. "I wanted to tell the story of the group via the memories of the members that were shared with us on camera. However, as we know, memories are not always coherent, are often ambiguous, at times inconsequential, and contradictory. I tried to capture that feeling via the different types of film material I used (for instance cell phone footage)," explains Kaganof.

## Simposium oor prof Botman se bydrae tot teologie



US Rektor prof Russel Botman en sy vrou, Beryl (naaslinks voor) saam met van sy vriende by die Teologie-simposium. Foto: ANTON JORDAAN

"Hy is 'n gawe en 'n bate vir die kerk, die universiteit en die gemeenskap." Met dié woorde het prof Jerry Pillay, president van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke, vir prof Russel Botman, US Rektor en Visekanselier, op Vrydag 18 Oktober met sy 60ste verjaardag gelukkig gewens. Botman se verjaardag is gevier met 'n simposium oor sy denkleierskap in Teologie en sy openbare lewe. Die simposium is by die US se Fakulteit Teologie gehou. Onder die gaste by die vierings-

geleentheid was verskeie oud- en huidige kollegas, mentors, familie en vriende van Botman. Diegene wat reeds lank 'n pad met hom stap, het hul gelukwense deur middel van 'n kort voordrag oorgedra. Hulle het veral sy bydrae tot beter verhoudinge tussen kerke en die skep van 'n beter samelewing uitgelig. Prof Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie, het gesê benewens sy rol in die kerk, beywer Botman hom vir die aanwending van die wetenskap in die skep van 'n beter samelewing.

## Hokkie oorheers by Maties-erekleure

Hokkie het die verrigtinge oorheers by Maties Sport se jaarlikse erekleure-dinee op Woensdag 9 Oktober. Nie net is twee hokkiespelers as sportman en sportvrou van die jaar aangewys nie, maar die Steinhoff Maties Vrouehokkiespan het ook die toekenning ontvang vir die beste spanprestasie van die jaar. Die hokkie-afrigter Jenny King is as die spanafrigter van die jaar aangewys en die voormalige Maties- en SA hokkiespeler Kathleen Taylor was die gasspreker.

Quanita Bobbs en Jean-Pierre de Voux van die Steinhoff Maties Vroue- en Manshokkiespanne is onderskeidelik as die sportvrou en sportman vir vanjaar aangewys. Die paralimpiese presteerders Ilse Hayes en Charl Bouwer het hul titels as sportvrou en sportman van die jaar vir persone met gestremdhede behou soos verlede jaar. Dr Suzanne Ferreira is as die afrigter van die jaar in 'n individuele sport aangewys, ook vir die tweede keer.



Jean-Pierre de Voux, Quanita Bobbs, Ilse Hayes en Charl Bouwer. Foto: ANTON JORDAAN

Robyn Kime, 2012 se Maties sportvrou van die jaar, het die toekenning ontvang vir die beste individuele prestasie. Spesiale melding is gemaak van die eerstejaarpresteerders Justine Palframan (atletiek) en Mariske

Strauss (fietsry), asook Hendri Herbst (swem) vir uitnemendheid in akademie en sport. Die volgende spanne het spesiale erkenning ontvang: gimnastiek, kanovaart, sewesrugby, vrouewaterpolo en vroueswem.

## US hou eerste sportdag vir personeel

Nie eens die reënbuie kon 'n demper plaas op die spangees of die braaivure blus by die US se eerste Sportdag wat op Vrydag 25 Oktober by die Coetzenburg-sportterrein gehou is nie. Sowat 530 US-personeellede het in spanne aan verskillende sportsoorte



Henlo Smit van die Afdeling Ontwikkeling maak gereed om 'n doel in die netbaluitkloppe te gooi. Foto: LIZE ESTERHUIZEN

deelgeneem: 'n 5km-pretloop, sokker-strafoeluitkloppe, netbaluitkloppe, doelbal en 'n skattejag. "Gesondheidstoetse het gewys daar is 'n tekort aan fisieke aktiwiteit onder US-personeellede, wat 'n leefstylrisiko kan wees. Ons het dus besluit om 'n sportdag te hou waar hulle aan verskeie aktiwiteite kan deel wat tot hul welwees bydra," sê Maureen Kennedy, Bestuurder: Welwees. Prof Russel Botman, US Rektor, het die deelnemers verwelkom, die organiseerders bedank en gesê die geleentheid is beslis 'n stap in die regte rigting om die US en sy personeel "toekomsfiks" te maak. Kennedy sê die sportdag was beslis 'n groot sukses en hulle hoop om dit volgende jaar selfs groter en

beter te doen. "Ons het 'n wonderlike reëlingskomitee gehad wat hard gewerk het om van die dag 'n sukses te maak. Ons het ons interne hulpbronne geïntegreer, wat baie goed gewerk het." Vir Samantha Walbrugh-Parsadh, Bestuurder: Bevorderingsinisiatiewe, was die sportdag 'n fantastiese geleentheid om sosiaal te verkeer met kollegas in ander afdelings, departemente en fakulteite, "al het sommige van ons maar geswoeg om daai berg uit te stap". Die sportdag is met 'n braai afgesluit. Die wenners was: Doelbal – Maties Sport; Netbal – Sentrum vir Studentegemeenskappe; Sokker – Fisiologiese Wetenskappe; Skattejag – Nagraadse en Internasionale Kantoor; Pretloop – Suspi.

## isiXhosa website opens doors

The Department of Electrical and Electronic Engineering is making plans to use its new isiXhosa website in future recruitment drives. According to Thinus Booysen, senior lecturer in the department, they launched their revamped website late last year to present a more modern

and realistic perspective of the exciting work they are doing. The initial launch was in English, and because the department wanted to ensure that the Afrikaans heritage and nomenclature were not lost, they decided to translate the website into Afrikaans. "However, the department and

University as a whole increasingly serve a broad and diverse community. We wanted to extend a welcoming hand to our growing group of isiXhosa students. An easy way to project that welcome was to translate our website." The final site was made public in the last week of August.

## Costandius one of the top lecturers in SA



SU Rector Prof Russel Botman congratulates Dr Elmarie Costandius.

It is good to know one gets recognition for the way you teach.

So says Dr Elmarie Costandius, one

of five lecturers countrywide who was awarded an Excellence in Teaching and Learning Award. It is awarded by the Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa (HELTASA).

"Academics usually receive awards for their research. There is not a lot of recognition for teaching and this kind of recognition is wonderful," says Costandius, a senior lecturer in visual communication design in the Department of Visual Arts at SU.

So what makes her such a good lecturer?

"It's not something you can really answer yourself," she laughs. "However, I do believe that you should always

have empathy with your students. You should be able to put yourself in his or her shoes and try to understand why he or she behaves and works in a certain way. I have empathy with my students, but I am also strict. Students have to stick to deadlines of projects."

She also believes that it is important to acknowledge that we are all part of a neo-liberal capitalist system where a small group of people are privileged and the larger majority are oppressed.

"That is why I can't just teach my students design and the principles of this discipline. I have to help them become critical thinkers and critical citizens so that we can all contribute in making social equality a reality."

## US en Belgiese universiteit teken ooreenkoms



Proff Delvaux en Botman skud hande.

'n Ooreenkoms tussen die US en die Belgiese Universiteit catholique de Louvain (UCL) is in Oktober in Stellenbosch onderteken.

Prof Russel Botman, US Rektor en Visekanselier, en die UCL-rector, prof Bruno Delvaux, het die ooreenkoms onderteken.

Dié bilaterale ooreenkoms tussen die US en UCL formaliseer die bestaande bande tussen die twee universiteite, en maak voorsiening vir navorsingsamewerking, personeel en studente uitruilprogramme en gesamentlike graadprogramme.

Dié ooreenkoms is die US se eerste omvattende een met 'n Walloniese universiteit. Die US se ander groot vennoot in België is die Katolieke Universiteit Leuven (KULeuven), geleë in die Nederlandssprekende Vlaandere.

Die Walloniese Minister-President, Rudy Demotte, het Delvaux op sy besoek aan die US vergesel.

## Personeel presteer

**DR CHRISTIE DORFLING**, senior lektor in die Departement Prosesingenieurswese, het onlangs 'n uitsonderlike toekenning van die Fakulteit Ingenieurswese ontvang: Die Dekaanstoekenning vir uitmuntende prestasie.

Dié toekenning, wat nie noodwendig elke jaar gedoen word nie, word gemaak aan 'n student wat voorgraads of nagraads uitmuntend presteer het.

Dorfling se gemiddeld van 95% vir sy voorgraadse studie is die beste nóg vir voorgraadse studie in die Departement Prosesingenieurswese. Hy het in Desember 2012 sy PhD-graad ontvang.

**RUDIE NEL**, 'n belastingdosent in die Departement Rekeningkunde, is weer vanjaar aangewys as die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) se top-dosent – soos bepaal deur derdejaarstudente in dié fakulteit wat aanlyn vir hul mees inspirerende voorgraadse dosente stem. Sophia Brink, ook in die Departement Rekeningkunde, was die naaswenner.

**DR CORENA DE BEER**, 'n senior mediese wetenskaplike by die Afdeling Geneeskundige Virologie, het onlangs die titel van vroue-wêreldkampioen verower in langafstandvoorlaaierskiet. In dié afdeling moet 'n skut vanaf 'n afstand van 900m 'n teiken van slegs 60cm raakskiet met 'n voorlaaiër of swartkruitgeweer. Dit is die tweede keer dat De Beer hierdie titel wen.



**PROF LOUW HOFFMAN** (links) van die Departement Veekundige Wetenskappe is aangestel as 'n lid van Suid-Afrika se Landbou-

navorsingsraad (LNR), en sal so sy kundigheid inspan ter bevordering van landbounavorsing regoor die land.

Hy is deur Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Visserye en Bosbou, tot hierdie raad aangestel, nadat hy deur die plaaslike wildbedryf genomineer is.

Hoffman is die enigste wetenskaplike ter wêreld wat navorsing doen op die kwaliteit van wildsvleis uit Afrika.



**PROF FRANS SWANEPOEL** (links) is heraangetel in die LNR-raad vir 'n verdere termyn van drie jaar. Hy is adjunk-direkteur van die

US se Afrika Doktorale Akademie, en 'n voormalige dekaan van die Universiteit Vrystaat se Fakulteit Landbou. Hy is 'n genoot van die US se CREST-sentrum, wat navorsing doen oor evaluasie, wetenskap en tegnologie.

## Langdienstoekennings 2013

Die US het op Woensdag 23 Oktober aan getroue personeellede Langdienstoekennings vir 25 jaar diens toegeken. Op die foto's onder is dié personeellede wat die geleentheid by STIAS bygewoon het.



Sherrill February, Menslike Hulpbronne; Kosie Muller, Fasiliteitsdienste; prof David Davidson, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese; dr Jo Barnes, Gemeenskapsgesondheid; US Rektor prof Russel Botman; Mark Koopman, Teologie; Maureen Cadman, Lettere en Sosiale Wetenskappe; Martin la Grange, Agronomie; Surena du Plessis, Afrikatale; Martha Kannemeyer, Genetika; dr Ludolph Botha, Studente- en Akademiese Steun; en prof Julian Smith, Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel).

Foto's: ANTON JORDAAN



Bennie van Eeden, Musiek; prof Eileen Hoal van Helden, Molekulêre Biologie en Mensgenetika; Tienie Petersen, Molekulêre Biologie en Mensgenetika; Karel Daniels, Eiendomsdienste; dr Wessel Visser, Geskiedenis; prof Russel Botman; prof Albert van Reenen, Chemie en Polimeerwetenskap; Marleen van Wyk, Biblioteek- en Inligtingsdiens; Sandra Tribelhorn, Ingenieurswese; Charles Toutie, Genetika; prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor (Leer en Onderrig); prof Julian Smith; en prof Hannes van Wyk, Plant- en Dierkunde.

## Join 'Dancing in Style 2014'

Maties Dance Society (MDS) will present the popular Dancing in Style competition for a third time in 2014 after a successful competition this year. The format of this event is based on the TV show *Strictly Come Dancing*, where a participant is trained by an instructor in Ballroom and Latin American dances for a few weeks and then competes against the other stars.

The stars of Dancing in Style are SU staff members and students. Participants

are assigned an instructor who is a current member of MDS and will have about two months to learn four dances.

MDS will host a gala event on Saturday 19 April 2014, where the stars will get the chance to show what they have learnt and compete for the title of winner of Dancing in Style 2014 in the staff and student sections.

If you want to join MDS for Dancing in Style 2014, contact Samantha Mitchell on smitchell.mds@gmail.com.

## WAT vereer taalreuse

Deel XIV (S tot Skooi) van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal is op 18 Oktober by die Buro van die WAT op Stellenbosch bekendgestel en oorhandig.

Proff Adam Small, Hennie Aucamp en TT Cloete het elkeen 'n kopie van WAT XIV ontvang as erkenning vir hul bydrae tot Afrikaans en hul besondere band met die WAT.

Prof Arnold Schoonwinkel, US Viserektor (Leer en Onderrig) en voorsitter van die WAT-direksie, het die gaste verwelkom en gesê Deel XIV van die WAT bevat meer as 10000 verklaarde woorde en 3000 ander samestellings en afleidings.

"Die WAT is ten spyte van werklik ontoereikende befondsing wat deur die owerheid gegee word vir die ontwikkeling van ons tale in Suid-Afrika en Afrikaans in die besonder nog steeds 'n dinamiese maatskappy met entoesiastiese mense wat vir ons hierdie skat van Afrikaans bewaar."

Dr Willem Botha, hoofredakteur van die WAT, het Small se literêre werk as baie belangrik beskryf en gesê hulle kon net op sy werk staatmaak vir die opname van Kaaps in die woordeboek.

"Aucamp se skryfwerk was vir ons van groot waarde," het Botha gesê, "en ons kon dankbaar uit sy werk aanhaal tot 777 keer, en in Deel XIV alleen 72 keer".

Cloete het al lank 'n verhouding met die WAT. "Hoewel dit moeilik is om uit die poësie aan te haal – die taalgebruik is dikwels metafores – kon ons tog dikwels uit sy digwerk aanhaal," het Botha gesê.



Prof Arnold Schoonwinkel, US Viserektor (Leer en Onderrig) en voorsitter van die WAT-direksie; prof Hennie Aucamp; Rosalie Small; prof Adam Small; prof TT Cloete; Erna Meaker, voorsitter van die WAT Trust; en dr Willem Botha, Hoofredakteur van die WAT.

Foto: HENNIE RUDMAN

# A new chapter for disaster risk management

In September, SU's newest research centre, RADAR (Research Alliance for Disaster and Risk Reduction), was launched at STIAS. The event, coinciding with the first day of the United Nations STiR Meeting held here, represents a transition from the Disaster Mitigation for Sustainable Livelihoods Programme (DiMP) and signals a new chapter for disaster risk management. CHRISTOPHER MULLER reports.

Since its inception in 1996, DiMP operated in a field where very little precedent existed for disaster risk scholarship. Past approaches to disaster management primarily related to training and capacity building, were reactive and focused on relief endeavours in disaster-stricken areas. DiMP argued that such approaches should necessarily be enhanced by research and academic scholarship.

Modelled as a "disaster-NGO in a university" at the time, DiMP was first accommodated by UWC in 1995. The organisation moved to UCT in 1998 and SU in 2011, with significant landmarks in its 18-year journey: spawning collegial networks of higher education institutions across Africa, establishing key strategies for resilience in disaster-affected areas and introducing transdisciplinary scholarship in disaster risk management.

Said Prof Johan Hattingh, Dean of SU's Faculty of Arts and Social Sciences, at the launch-event: "This transition from DiMP to RADAR is more than just a change in the acronym; it represents a maturing of a cross-disciplinary field that is directly relevant to many of the development challenges facing us today in Africa."

"For SU particularly, RADAR's establishment marks an important step towards the University's 2030 vision: its formalisation as a research centre offers an unambiguous institutional mechanism for multi-stakeholder research on risk and resilience."

Highlighting its impact, Roy Veldtmann, representative from the Cape Winelands District Municipality, shared at the event that RADAR – at the time known as DiMP – conducted a detailed study of the Montagu floods in March 2003. Since then, personnel have been trained in courses such as Disasters and Development as well as Community Risk Assessment. Currently, RADAR is training municipal officials and volunteers to become risk assessors in their specific areas.

Speaking at the event, Dr Glenn Dolcemascolo, Head of Office: UNISDR Office for Northeast Asia, reiterated how important it is to drive the conversation about resilience to the community level and that disaster management should in



Delegates attending the launch of RADAR and the first day of the United Nations STiR Meeting, hosted at STIAS on 11 September. Photo: ANTON JORDAAN

essence be a joint undertaking.

"Having a partnership like the RADAR alliance gives more leverage, an ability to concentrate the research community together and actually orient them more towards engagement with public policy and the community at large."

"To make disaster reduction happen, to make communities resilient, you need to build on practical experience and credible evidence. But that needs to be translated into public policy decisions and action. That kind of transition doesn't happen unless you have universities fully engaged and understanding what their role is in the equation."

The establishment of RADAR underlines the value of continental partnership with other institutions of higher learning, most notably the PeriPeri U consortium. This was emphasised by Tarekegn Yehuala from Bahir Dar University in Ethiopia. He lauded PeriPeri U particularly for the opportunity it afforded for two Bahir Dar University staff members to graduate at M-level.

Continuing on its existing foundations, the transition from DiMP to RADAR signals a commitment to building on research, scholarship and solidifying partnership with other foundations and organisations.

- For more information on RADAR contact Dr Ailsa Holloway, Director of RADAR: ailsaholloway@sun.ac.za or 021 808 9281.

# VICE-CHANCELLOR'S AWARDS 2013

## Donors honoured for contributions to SU

In October, Stellenbosch University (SU) once again awarded their biggest donors with the prestigious Vice-Chancellor's Awards for their generous contributions. These awards show SU's appreciation for their patronage.

Stellenbosch University's biggest donors have over the last few years contributed the huge amount of R615 million towards significantly strengthening teaching and learning, research and community interaction at SU. These donors were honoured on Wednesday, 9 October in Johannesburg and Monday, 14 October in Stellenbosch for their big contribution in making SU one of the foremost institutions of higher education in Africa.

These prestigious Vice-Chancellor's Awards have been made every few years since 1987 at a prestigious event to individuals who donated at least R1 million and companies that donated at least R2 million to SU. This year, platinum and diamond awards were introduced for contributions of respectively more than R20 million and more than R30 million.

"SU greatly appreciates the support of our donors. When former President Nelson Mandela was inaugurated in 1994, he said that there must never again be oppression in our country. This will only be possible by good education and this is where our donors fit in."

"With our new Vision 2030 – through which the University strives for innovation, inclusivity, and a focus on the future – we are strategically geared for the challenges that face higher education institutions worldwide in the 21st century," says Prof Russel Botman, SU Rector and Vice-Chancellor.

"In the 21st century, universities worldwide have to do more with less. We have to serve more people, yet we get less state funding to do so; we have to make an impact worldwide, yet remain locally relevant; we have to empower students for an uncertain future. All of this we have to do with what we have at hand – our people, striving for excellence, relying on their ability to innovate, guided by our institutional values of inclusivity and fairness, and the desire to change the world."

This year, the recipients of the various Vice-Chancellor's Awards were given a framed certificate.

In his speech at the Stellenbosch awards evening, Dr Edwin Hertzog, who received a golden award, said: "It is a privilege to be able to donate. I chose SU firstly because I studied here, got to know the town really well and built a loyalty towards



The group of donors who received Vice-Chancellor's Awards from Stellenbosch University at a function held at the Cavalli Wine and Stud Farm in Stellenbosch.

Photo: LETIA BOTHA



Stellenbosch University honoured these donors with Vice-Chancellor's Awards at a function held at The Courthouse in Sandhurst, Johannesburg. Photo: STEVE WAGNER

SU. The academic excellence of a university is of utmost importance, as well as the preparation of the students for their future role in the workplace and community. In my life SU has played a particularly important role in this regard."

## VC Awards in Johannesburg

The ceremony for Stellenbosch University's Vice-Chancellor's Awards in Johannesburg was held at The Courthouse in Sandhurst. Here are some of the recipients with Prof Russel Botman, SU Rector and Vice-Chancellor. STEVE WAGNER took the photographs.



Mr Murray de Villiers van die SAS Instituut het die diamant-toekenning ontvang.

"Die US is 'n instelling van uitnemendheid en daarom dra ek by tot hul programme. Om die beste vir ons studente te kan doen benodig ons geld wat die staat nie noodwendig kan of wil beskikbaar stel nie. Om dus te verseker dat die Regsfakulteit sy voorste plek in die opleiding van juriste behou, verg befondsing. Dit is ons plig as alumni om terug te ploeg. Met donateursfondse kan die Regsfakulteit beide die beste studente en dosente lok. Só bou ons Suid-Afrika uit." – **Chris Otto, wenner van 'n toekenning as individuele skenker.**

"Ek skenk omdat die US aan my geleentheid gebied het. Ek gee om 'n bydrae te probeer maak tot akademiese uitnemendheid. Ek ondersteun tans spesifiek die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe omdat hulle daadwerklik deur hul Elite Navorsingsfonds akademiese uitnemendheid nastreef." – **Thys du Toit, Voorsitter van die Stellenbosch Trust, wat 'n toekenning as individuele skenker ontvang het.**



Mr Paul Dempsey of Mineral Education Trust Fund received the platinum award.



Mr Andrew Skudder with the platinum award he received on behalf of Murray & Roberts.



Ms Estelle Dippenaar het namens die Dippenaar Familietrust 'n goue toekenning in ontvangs geneem.



Mr Karl Eschberger of PROKON Software Consultants received the gold award.



Ms Haylene Liberty, who received the Vice-Chancellor's Award on behalf of the Eskom Development Foundation.

## VK-toekennings in Stellenbosch

Die Universiteit Stellenbosch het sy Visekanselierstoekennings by die Cavalli-wynlandgoed in Stellenbosch gehou. LETIA BOTHA het die ontvangers saam met prof Russel Botman, US Rektor en Visekanselier, afgeneem.



Dr Edwin Hertzog was die gasspreker by die Stellenbosse geleentheid en het 'n goue toekenning as individuele skenker ontvang.

"Ons gesin is in die bevoorregte posisie om te kan gee en daarom doen ons dit graag. Ek het ook die voorreg gehad om vir 26 jaar aan 'n wonderlike maatskappy, naamlik PEP, verbonde te wees en is die geleentheid gegun om aandeel op te neem wat saam met die suksesse van die Pepkor Groep gegroei het. Vele mense gee baie meer van hul tyd en energie en maak baie meer opofferinge as ons en hulle kry minder of geen erkenning nie. Die skenking gaan aan 'n besondere universiteit met 'n besondere Regsfakulteit en dit sal goed wees as soveel moontlik invloedryke regslui hul opleiding hier kan ontvang. Ons land se welstand hang nou saam met die gehalte van ons regbank en praktiserende regslui." – **George Steyn, Voorsitter van die US Raad.**



Mr Bill Frankel received the platinum award on behalf of the Claude Leon Foundation.



Ms Linda Whitfield of the Harry Crossley Foundation received the diamond award.
